**Eksodus: Ellende, verlossing, dankbaarheid**

**Eks 1:1-7**

**14 Januarie 2024**

1. Genesis het 4 verbonde bespreek. Eksodus bespreek die volgende verbond – die verbond met Moses / Sinaiverbond / Ou Verbond (vgl Heb 8:13)
2. Eks 1:1-6 – verbind Eksodus met Genesis. Die volk het vermeerder – vgl Gen 15:5, 17:21
3. Die misterie van God se volk in Egipte: Hoekom is die volk in Egipte?
    a. Gen 46:1-4 – Die Here het gesê Jakob moet gaan. Beloof groot nasie, Sy teenwoordigheid, terugkoms
    b. Gen 15:13-16 – 400 jaar in Egipte, tot Amoriete se sonde volle maat bereik
    c. Die Here wil hulle in Egipte hê – ter wille van verdere openbaringsgeskiedenis
4. Inhoud van Eksodus – volgens Barret in “The Gospel of Exodus”
    a. Eksodus is geskryf in opdrag van die Here (Eks 7:14, 24:4, 34:27)
    b. Eksodus is prentjie profesie van die Here se verlossing
    c. Eksodus het dieselfde indelings as Heidelbergse Kategismus: (1) Ellende (2) Verlossing (3) Dankbaarheid
    d. OT geskiedenis is vir ons as waarskuwing opgeteken (1 Kor 10:11)
    e. Verband tussen OT volk Israel en NT kerk – ooreenkomste en verskille
        - Lidmaatskap van volk grotendeels afstamming, lidmaatskap van kerk grotendeels nie afstamming nie
        - Volk is teokrasie met landswette, kerk onderwerp aan eie land se wette
        - Beide OT volk en NT kerk het ‘n interne dimensie
    f. Is Eksodus se geskiedenisbeskrywing akkuraat?
        - Buite Bybelse geskiedenis beskryf nie die uittog nie – maar God is die Alwetende geskiedskrywer wat werklik onderskei wat belangrik is
        - Datum van die uittog: Waarskynlik in 15de eeu vC – volg uit 1 Kon 6:1 Alternatiewe datum 13de eeu vC – gebaseer op argeologiese argumente oor Pitom en Ramses (Eks 1:11)
5. Inhoud van Eksodus – volgens Alec Motyer in “The Message of Exodus”
    a. Eksodus is ‘n verbondsnarratief
    b. Openbaar die aard van die Here:
        - Verbondsgod – Jahwe (Gen 3:14)
        - Eks 1-13: Verlosser; Eks 13-24: Metgesel; Eks 24-40: Inwonende God
        - Die Here is heilig – assosiasie met vuur (Eks 3:1-5, 13:21-22, 19:18, 40:34)
    c. Ooreenkoms tussen Eksodus en Matteus
        - God se seun (Eks 4:22, Mat 3:17); beide in Egipte (Mat 2:13-15), Rooi See vs doop (Eks 14, Matt 3:13); woestyn (Eks 15:22, Mat 4:1); gebrek aan kos/water (Eks 15:23, 16:3, Mat 4:1-4), volk verwyt Moses/Here, Jesus nie (Eks 17:2, Mat 4:7); afgodsdiens (Eks 32:1-6, Mat 4:10)
    d. Sentrale waarheid van Eksodus – chiastiese struktuur:

<u>Deel A:</u> Bou stede vir Farao (Eks 1-5)
    <u>Deel B:</u> Die lam van God (Eks 6-12)
        <u>Deel C:</u> God as Metgesel (Eks 13-18)
            **<u>Deel D:</u> Die wet van God en die Sinaiverbond (Eks 19-24)**
        <u>Deel C’:</u> God as die inwonende God (Eks 25-31)
    <u>Deel B’:</u> Die goue kalf (Eks 32-34)
<u>Deel A’:</u> Bou die tabernakel (Eks 35-40)